



RAAD OP REKENINGKUNDIGE STANDAARDE

STANDAARD VAN ALGEMEEN ERKENDE

REKENINGKUNDIGE PRAKTYK

DIE UITWERKING VAN VERANDERINGE IN

WISSELKOERSE

(AERP 4)

Erkenning

Hierdie Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard (IPSAS) oor *The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates* wat uitgegee is deur die International Federation of Accountants se International Public Sector Accounting Standards Board (IPSASB). Die International Federation of Accountants (IFAC) is in 1977 gestig met die missie om die professie deur geharmonieerde standaarde te ontwikkel en te verbeter. IPSASB het 'n omvattende korpus van IPSAS'e uitgegee, wat gebruik sal word om toekomstige Standaarde van AERP te produseer. Uittreksels uit die IPSAS oor *The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates* word met die toestemming van die IPSASB in hierdie Standaard van AERP gereproduseer.

Die goedgekeurde teks van die IPSAS'e is dié wat deur die IFAC in die Engelse taal gepubliseer is. Die IPSAS'e is vervat in die IFAC se Handbook of International Public Sector Accounting Pronouncements en kan verkry word van:

International Federation of Accountants

545 Fifth Avenue, 14th Floor

New York, New York 10017 USA

Internet: <http://www.ifac.org>

Kopiereg vir IPSAS'e, konsepte vir kommentaar en ander publikasies van die IPSASB is gevestig in die IFAC en die bepalinge en voorwaardes wat daaraan verbonde is, moet nagekom word.

Raad op Rekeningkundige Standaarde

Posbus 74129

Lynnwoodrif

0040

Kopiereg © 2010 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde

Alle regte voorbehou. Geen deel van hierdie publikasie mag sonder voorafgaande skriftelike toestemming van die Raad op Rekeningkundige Standaarde gereproduseer, in 'n stelsel vir inligtingsontsluiting bewaar of in enige vorm of op enige wyse, elektronies, meganies, deur fotokopiëring, by wyse van 'n opname of andersins gereproduseer of weergegee word nie.

Toestemming om beperkte uittreksels uit die publikasie te reproduseer sal gewoonlik nie weerhou word nie.

Inhoud

Standaard van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk

Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse

	Paragrawe
Inleiding	
Doelstelling	.01 - .02
Omvang	.03 - .06
Woordomskrywings	.07 - .16
Funksionele geldeenheid	.08 - .13
Monetêre items	.14
Netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid	.15 - .16
Opsomming van die benadering wat deur hierdie Standaard vereis word	.17 - .19
Verslagdoening oor valutatransaksies in die funksionele geldeenheid	.20 - .38
Aanvanklike erkenning	.20 - .23
Verslagdoening teen latere verslagdoeningsdatums	.24 - .27
Erkenning van wisselkoersverskille	.28 - .35
Verandering in funksionele geldeenheid	.36 - .38
Die gebruik van 'n ander aanbiedingsgeldeenheid as die funksionele geldeenheid	.39 - .54
Omrekening in die aanbiedingsgeldeenheid	.39 - .45
Omrekening van 'n buitelandse bedrywigheid	.46 - .52
Vervreemding van 'n buitelandse bedrywigheid	.53 - .54
Belastinggevolge van wisselkoersverskille	.55
Openbaarmaking	.56 - .62
Oorgangsbepalings	.63 - .64
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.63
Wysigings van die Standaarde van AERP	.64
Datum van inwerkingtrede	.65 - .66
Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP	.65
Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas	.66
Herroeping van die Standaard van AERP oor <i>Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse</i> (2007)	.67



AERP 4

Vergelyking met die International Public Sector Standard oor *The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates* (April 2008)

DIE UITWERKING VAN VERANDERINGE IN WISSELKOERSE

Hierdie Standaard is oorspronklik in Julie 2007 deur die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) uitgegee. Sedertdien is dit gewysig deur:

- Verbeterings aan die Standaarde van AERP, uitgegee deur die Raad in Februarie 2010
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 21 *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*
 - AERP 26 *Waardedaling van Kontantgenererende Bates*
 - AERP 104 *Finansiële Instrumente*
- Gevolglike wysigings toe die volgende Standaarde van AERP in werking getree het:
 - AERP 105 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite onder Gemeenskaplike Beheer*
 - AERP 106 *Oordragte van Funksies tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie*
 - AERP 107 *Samesmeltings*

'n Afskrif waarin die wysigings aangedui is wat as deel van die Verbeteringsprojek (2013) aan AERP 1 aangebring is, is op die webtuiste beskikbaar.

Inleiding

Standaarde van AERP

Daar word ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No. 1 van 1999, soos gewysig (WOFB), van die Raad op Rekeningkundige Standaarde (die Raad) vereis om algemeen erkende rekeningkundige praktyk genaamd Standaarde van Algemeen Erkende Rekeningkundige Praktyk (AERP) te bepaal.

Die Raad moet AERP bepaal vir:

- (a) departemente (met inbegrip van nasionale en provinsiale regeringskomponente);
- (b) openbare entiteite;
- (c) handelsentiteite (soos in die WOFB omskryf);
- (d) grondwetlike instellings;
- (e) munisipaliteite en rade, kommissies, maatskappye, korporasies, fondse of ander entiteite onder die eienaarsbeheer van 'n munisipaliteit; en
- (f) die Parlement en die provinsiale wetgewers.

Bogenoemde word gesamentlik “entiteite” genoem.

Die Raad het die toepassing van Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk (AARP), soos deur die Raad op Rekeningkundige Praktyke gekodifiseer en deur die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters uitgereik op 1 April 2012, goedgekeur om AERP te wees vir:

- (a) staatsakeondernemings (soos in die WOFB omskryf);

AERP 4

- (b) enige ander entiteit, uitgesonderd 'n munisipaliteit, waarvan die gewone aandele, potensiële gewone aandele of skuld openbaar op die kapitaalmarkte verhandelbaar is; en
- (c) entiteite onder die eienaarsbeheer van enigiens van hierdie entiteite.

Die Raad het die toepassing van die *International Financial Reporting Standards* (IFRSs) soos uitgegee deur die *International Accounting Standards Board* goedgekeur om AERP te wees vir hierdie entiteite waar hulle IFRS'e toepas.

Finansiële state moet beskryf word as sou dit aan Standaarde van AERP voldoen slegs indien hulle aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard van AERP en enige verbandhoudende Vertolkings van die Standaarde van AERP voldoen.

Enige beperking op die toepaslikheid van spesifieke Standaarde of Vertolkings word in daardie Standaarde of Vertolkings van die Standaarde van AERP duidelik gemaak.

Die Standaard van AERP word in paragraaf .01 tot .67 uiteengesit. Alle paragrawe in hierdie Standaard van AERP is ewe gesaghebbend Die status en gesag van bylaes word in die aanhef tot elke bylae behandel. Hierdie Standaard moet gelees word in die konteks van die doelstellinge daarvan, die grondslag vir gevolgtrekkings, indien toepaslik, die *Voorwoord tot Standaarde van AERP*, die *Voorwoord tot die Vertolkings van die Standaarde van AERP* en die *Raamwerk vir die Opstel en Aanbieding en Finansiële State*

Standaarde van AERP en Vertolkings van die Standaarde van AERP moet ook in samehang gelees word met enige lasgewings wat deur die Raad uitgereik word en waarin oorgangsbepalings voorgeskryf word, asook saam met enige regulasies wat deur die Minister van Finansies uitgereik is ten opsigte van die datums van inwerkingtrede van die Standaarde van AERP, soos dit in die Staatskoerant gepubliseer is.

Daar kan 'n verwysing wees na 'n Standaard van AERP wat nog nie uitgegee is op die tydstip wanneer hierdie Standaard uitgegee word nie. Dit word gedoen om te vermy om die Standaarde wat reeds uitgereik is, te verander wanneer 'n latere Standaard uitgegee word. Paragraaf .11 van die Standaard van AERP oor *Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Rekeningkundige Ramings en Foute* voorsien in die afwesigheid van uitdruklike leiding 'n grondslag vir die keuse en toepassing van rekeningkundige beleide.

Doelstelling

- .01 'n Entiteit kan buitelandse aktiwiteite op twee maniere bedryf. Hy kan transaksies in buitelandse valuta onderneem of hy kan buitelandse bedrywighede onderneem. Daarbenewens kan 'n entiteit sy finansiële state in 'n buitelandse geldeenheid aanbied; 'n buitelandse skenker kan byvoorbeeld van 'n entiteit vereis om sy finansiële state in die skenker se funksionele geldeenheid aan te bied. Die entiteit moet hierdie Standaard toepas in die afwesigheid van 'n skenker se spesifieke vereistes. Die doel met hierdie Standaard is om voor te skryf hoe om transaksies in buitelandse valuta en buitelandse bedrywighede by die finansiële state van 'n entiteit in te sluit en hoe om finansiële state in 'n aanbiedingsgeldeenheid om te reken.
- .02 Die belangrikste is om te weet watter wisselkoers(e) om te gebruik en hoe om oor die waardes van veranderinge in wisselkoerse in die finansiële state verslag te doen.

Omvang

- .03 ***'n Entiteit wat finansiële state ingevolge die toevallingsgrondslag van rekeningkunde opstel en aanbied, moet hierdie Standaard toepas:***
 - (a) ***by die in rekening bring van transaksies en balansstate in buitelandse valuta, behalwe daardie afgeleide transaksies en balansstate wat binne die omvang van die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente val;***
 - (b) ***by die omrekening van die finansiële prestasie en finansiële stand van buitelandse bedrywighede wat in die finansiële state van die entiteit ingesluit is deur konsolidasie, proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode; en***
 - (c) ***by die omrekening van 'n entiteit se finansiële prestasie en finansiële stand in 'n aanbiedingsgeldeenheid.***
- .04 Die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* is op baie afgeleide instrumente in buitelandse valuta van toepassing en gevolglik word hulle uitgesluit uit die omvang van hierdie Standaard. Daardie afgeleide instrumente in buitelandse valuta wat nie binne die omvang van die Standaard van AERP oor *Finansiële Instrumente* val nie (bv. sommige afgeleide instrumente in buitelandse valuta wat in ander kontrakte ingebed is), val egter wel binne die omvang van hierdie Standaard. Daarbenewens is hierdie Standaard van toepassing wanneer 'n entiteit bedrae wat op afgeleide instrumente betrekking het, uit sy funksionele geldeenheid na sy aanbiedingsgeldeenheid omreken.
- .05 Hierdie Standaard is van toepassing op die aanbieding van 'n entiteit se finansiële state in 'n buitelandse geldeenheid en stel vereistes wat nodig is vir die gevolglike finansiële state om beskryf te kan word as sou dit aan die Standaarde van AERP voldoen. Vir die omrekenings van finansiële inligting wat nie aan hierdie vereistes voldoen nie in 'n buitelandse geldeenheid, spesifiseer hierdie Standaard die inligting wat openbaar gemaak moet word.

- .06 Hierdie Standaard is nie van toepassing op die aanbieding in 'n kontantvloei staat van kontantvloei wat voortspruit uit transaksies in 'n buitelandse geldeenheid of op die omrekening van kontantvloei uit 'n buitelandse bedrywigheid nie (kyk die Standaard van AERP oor *Kontantvloei state*).

Woordomskrywings

- .07 Die volgende terme word met die gespesifiseerde betekenisse in hierdie Standaard gebruik:

Sluitingskoers is die lokowisselkoers op die verslagdoeningsdatum.

Ekonomiese entiteit beteken 'n groep entiteite wat 'n beherende entiteit en een of meer beheerde entiteite behels.

Wisselkoersverskil is die verskil wat ontstaan uit die omrekening van 'n gegewe getal eenhede van een geldeenheid in 'n ander geldeenheid teen verskillende wisselkoerse.

Wisselkoers is die ruilverhouding vir twee geldeenhede.

Billike waarde is die bedrag waarvoor 'n bate verruil kan word, of 'n las vereffen kan word, tussen ingeligte, gewillige partye in 'n armlengtetransaksie.

Buitelandse valuta is 'n geldeenheid buiten die funksionele geldeenheid van die entiteit.

Buitelandse onderneming is 'n entiteit wat 'n beheerde entiteit, 'n geassosieerde, 'n gesamentlike onderneming of tak van 'n verslagdoenende entiteit is en waarvan die aktiwiteite in 'n ander land of geldeenheid as dié van die verslagdoenende entiteit gebaseer is of uitgevoer word.

Funksionele geldeenheid is die geldeenheid van die primêre ekonomiese omgewing waarin die entiteit bedrywig is.

Monetêre items is geldeenhede wat gehou word en bates en laste wat in 'n vaste of bepaalbare getal geldeenhede ontvang of betaal moet word.

Netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid is die bedrag van die verslagdoenende entiteit se belang in die netto bates van daardie bedrywigheid.

Aanbiedingsgeldeenheid is die geldeenheid waarin die finansiële state aangebied word.

Lokowisselkoers is die wisselkoers vir onmiddellike lewering.

Terme wat in ander Standaarde van AERP omskryf word, word in hierdie Standaard gebruik met dieselfde betekenis as in daardie ander Standaarde.

Funksionele geldeenheid

- .08 Die primêre ekonomiese omgewing waarin 'n entiteit bedrywig is, is normaalweg die een waarin hy primêr kontant genereer en bestee. 'n Entiteit neem die volgende faktore in ag by die vasstelling van sy funksionele geldeenheid:
- (a) die geldeenheid:
 - (i) waaruit inkomste verkry word, soos belastings, toekennings en boetes;
 - (ii) wat by uitstek verkooppriese vir goedere en dienste beïnvloed (dit sal dikwels die geldeenheid wees waarin verkooppriese vir sy goedere en dienste gedomineer en vereffen word);
 - (iii) van die land waarvan die mededingende kragte en regulasies hoofsaaklik die verkooppriese van sy goedere en dienste bepaal; en
 - (b) die geldeenheid wat by uitstek die arbeids-, materiaal- en ander koste van die verskaffing van goedere en dienste beïnvloed (dit sal dikwels die geldeenheid wees waarin sulke koste gedomineer en vereffen word).
- .09 Die volgende faktore kan ook bewys lewer van 'n entiteit se funksionele geldeenheid:
- (a) die geldeenheid waarin fondse uit finansieringsaktiwiteite (d.w.s. die uitreiking van skuld- en ekwiteitsinstrumente) gegenereer word; en
 - (b) die geldeenheid waarin ontvangste uit bedryfsaktiwiteite gewoonlik teruggehou word.
- .10 Die volgende bykomende faktore word by die vasstelling van die funksionele geldeenheid van 'n buitelandse bedrywigheid oorweeg, asook of sy funksionele geldeenheid dieselfde is as dié van die verslagdoenende entiteit (die verslagdoenende entiteit is, in hierdie konteks, die entiteit wat die buitelandse bedrywigheid as sy beheerde entiteit, tak, geassosieerde of gesamentlike onderneming het):
- (a) of die aktiwiteite van die buitelandse bedrywigheid uitgevoer word as 'n uitbreiding van die verslagdoenende entiteit, eerder as dat dit uitgevoer word met 'n beduidende graad van outonomie. 'n Voorbeeld van eersgenoemde is wanneer die departement van verdediging 'n aantal oorsese basisse het wat aktiwiteite namens die nasionale regering onderneem. Die verdedigingsbasisse kan hul aktiwiteite waarskynlik hoofsaaklik in die funksionele geldeenheid van die verslagdoenende entiteit uitvoer. Militêre personeel kan in die funksionele geldeenheid betaal word en slegs 'n klein toelae in die plaaslike geldeenheid ontvang. Aankope van voorraad en toerusting kan hoofsaaklik deur die verslagdoenende entiteit verkry word, terwyl aankope in die plaaslike geldeenheid tot die minimum beperk word. Nog 'n voorbeeld sou dié kon wees van 'n oorsese getuiebeskermingsprogram wat onder die bestuur en opdrag van die Nasionale Vervolgingsgesag funksioneer. In teenstelling daarmee kan 'n buitelandse bedrywigheid met 'n beduidende mate van outonomie kontant en ander monetêre items akkumuleer, uitgawes aangaan, inkomste genereer en miskien lenings reël, alles in hoofsaak in die plaaslike geldeenheid;
 - (b) of transaksies met die verslagdoenende entiteit 'n groot of klein persentasie van die buitelandse bedrywigheid se aktiwiteite uitmaak;

- (c) of kontantvloei van die aktiwiteite van die buitelandse bedrywigheid die kontantvloei van die verslagdoenende entiteit regstreeks beïnvloed en geredelik vir oordrag daarheen beskikbaar is; en
 - (d) of kontantvloei van die aktiwiteite van die buitelandse bedrywigheid voldoende is om bestaande en normaalweg verwagte skuldverpligtinge na te sonder sonder dat fondse deur die verslagdoenende entiteit beskikbaar gestel word.
- .11 As die bogenoemde aanwysers gemeng is en die funksionele geldeenheid nie voor die hand liggend is nie, moet die bestuur oordeel gebruik om vas te stel watter funksionele geldeenheid die ekonomiese uitwerking van die onderliggende transaksies, gebeure en omstandighede die getrouste sal verteenwoordig. As deel van hierdie benadering verleen die bestuur voorkeur aan die primêre aanwysers in paragraaf .08 alvorens die aanwysers in paragraaf .09 en .10 oorweeg word, wat daarop gemik is om bykomende ondersteunende bewyse vir die vasstelling van 'n entiteit se funksionele geldeenheid te verskaf.
- .12 'n Entiteit se funksionele geldeenheid weerspieël die onderliggende transaksies, gebeure en omstandighede wat op die entiteit betrekking het. Sodra die funksionele geldeenheid vasgestel is, word dit gevolglik nie verander nie, tensy daar 'n verandering is in daardie onderliggende transaksies, gebeure en omstandighede.
- .13 As die funksionele geldeenheid die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is, moet die entiteit se finansiële state hersaamgestel word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë*. 'n Entiteit kan nie hersamestelling ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë* voorkom deur byvoorbeeld as sy funksionele geldeenheid 'n ander geldeenheid (soos die funksionele geldeenheid van sy beherende entiteit) aan te neem as die funksionele geldeenheid wat ooreenkomstig hierdie Standaard bepaal is nie.

Monetêre items

- .14 Die noodsaaklike eienskap van 'n monetêre item is 'n reg om 'n vaste of bepaalbare getal geldeenhede te ontvang (of 'n verpligting om dit te lewer). Voorbeelde hiervan sluit die volgende in: bedrae betaalbaar vir kindersorgtoelaes en werknemervoordele wat in kontant betaal moet word; bepalinge wat in kontant vereffen moet word; en kontantdividende of vergelykbare uitkerings wat as 'n las erken word. Omgekeerd is die wesenlike eienskap van 'n niemonetêre item die afwesigheid van 'n reg om 'n vaste of bepaalbare getal geldeenhede te ontvang (of 'n verpligting om dit te lewer). Voorbeelde hiervan sluit die volgende in: bedrae vooraf betaal vir goedere en dienste (bv. voorafbetalde huurgeld); ontasbare bates; voorraad; eiendom, aanleg en toerusting; en bepalinge wat vereffen moet word deur die lewering van 'n niemonetêre bate.

Netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid

- .15 'n Entiteit kan 'n monetêre item hê wat is ontvangbaar is van of betaalbaar is aan 'n buitelandse bedrywigheid. 'n Item waarvoor vereffening nóg beplan is, nóg

waarskynlik in die afsienbare toekoms sal voorkom, is in wese 'n deel van die entiteit se netto belegging in daardie buitelandse bedrywigheid en word rekeningkundig verantwoord ooreenkomstig paragraaf .31 en .32. Sodanige monetêre items kan langtermyndebiteure of lenings insluit. Hulle sluit nie ander debiteure of krediteure in nie.

- .16 Die entiteit wat 'n monetêre item ontvangbaar of betaalbaar het aan 'n buitelandse bedrywigheid wat in paragraaf .15 beskryf word, kan enige beheerde entiteit van die ekonomiese entiteit wees. 'n Entiteit kan byvoorbeeld twee beheerde entiteite, A en B, hê. Beheerde entiteit B is 'n buitelandse bedrywigheid. Beheerde entiteit A staan 'n lening toe aan beheerde entiteit B. Beheerde entiteit A se lening ontvangbaar van beheerde entiteit B sou deel wees van die entiteit se netto belegging in beheerde entiteit B indien vereffening van die lening nóg beplan word nóg waarskynlik in die afsienbare toekoms sal plaasvind. Dit sou ook waar kon wees indien beheerde entiteit A self 'n buitelandse bedrywigheid is.

Opsomming van die benadering wat deur hierdie Standaard vereis word

- .17 By die opstel van finansiële state stel elke entiteit – hetsy 'n losstaande entiteit, 'n entiteit met buitelandse bedrywigheide (soos 'n beherende entiteit) of 'n buitelandse bedrywigheid (soos 'n beheerde entiteit of tak) – sy funksionele geldeenheid ooreenkomstig paragraaf .08 tot .13 vas. Die entiteit reken buitelandse valuta-items in sy funksionele geldeenheid om en doen ooreenkomstig paragraaf .20 tot .38 en .55 verslag oor die gevolge van sodanige omrekening.
- .18 Heelwat verslagdoenende entiteite behels 'n aantal individuele entiteite ('n ekonomiese entiteit bestaan byvoorbeeld uit 'n beherende entiteit en een of meer beheerde entiteite). Verskillende soorte entiteite, hetsy lede van 'n ekonomiese entiteit of andersins, kan beleggings in geassosieerdes of gesamentlike ondernemings hê. Hulle kan ook takke hê. Dit is vir die finansiële prestasie en finansiële stand van elke individuele entiteit wat in die verslagdoenende entiteit ingesluit is, nodig om omreken te word in die geldeenheid waarin die verslagdoenende entiteit sy finansiële state aanbied. Hierdie Standaard laat toe dat die aanbiedingsgeldeenheid van 'n verslagdoenende entiteit enige geldeenheid (of geldeenhede) kan wees. Die finansiële prestasie en finansiële stand van enige individuele entiteit binne die verslagdoenende entiteit waarvan die funksionele geldeenheid van die aanbiedingsgeldeenheid verskil, word ooreenkomstig paragraaf .39 tot .55 omreken.
- .19 Hierdie Standaard laat 'n losstaande entiteit wat finansiële state opstel of 'n entiteit wat afsonderlike finansiële state ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* opstel, ook toe om sy finansiële state in enige geldeenheid (of geldeenhede) aan te bied. Indien die entiteit se aanbiedingsgeldeenheid van sy funksionele geldeenheid verskil, word sy finansiële prestasie en finansiële stand ook in die aanbiedingsgeldeenheid omreken ooreenkomstig paragraaf .39 tot .55.

Verslagdoening oor valutatransaksies in die funksionele geldeenheid

Aanvanklike erkenning

- .20 'n Valutatransaksie is 'n transaksie wat gedenomineer word of nakoming vereis in 'n buitelandse geldeenheid, met inbegrip van transaksies wat ontstaan wanneer 'n entiteit:
- (a) goedere of dienste koop of verkoop waarvan die prys in 'n buitelandse geldeenheid gedenomineer is;
 - (b) fondse leen of uitleen as die bedrae wat betaalbaar of ontvangbaar is in 'n buitelandse geldeenheid gedenomineer word; of
 - (c) andersins bates verkry of vervreem, of verpligtinge aangaan of vereffen, wat in 'n buitelandse geldeenheid gedenomineer is.
- .21 'n Valutatransaksie moet by die aanvanklike erkenning daarvan in die funksionele geldeenheid te boek gestel word deur die lokowisselkoers tussen die funksionele geldeenheid en die buitelandse geldeenheid op die datum van die transaksie op die buitelandse geldeenheidbedrag toe te pas.**
- .22 Die datum van 'n transaksie is die datum waarop die transaksie die eerste keer vir erkenning kwalifiseer ooreenkomstig die Standaarde van AERP. Om praktiese redes word 'n koers wat die werklike koers op die datum van die transaksie benader, dikwels gebruik. So byvoorbeeld kan 'n gemiddelde koers in elke buitelandse geldeenheid vir 'n week of 'n maand gebruik word vir alle transaksies wat gedurende daardie tydperk plaasvind. As wisselkoerse egter aansienlik skommel, is die gebruik van die gemiddelde koers vir 'n tydperk ontoepaslik.
- .23 Wisselkoersveranderinge kan 'n impak hê op kontant of kontantekwivalente wat in 'n buitelandse geldeenheid gehou word of verskuldig is. Die aanbieding van sodanige valutaverskille word in die Standaard van AERP oor *Kontantvloei*state behandel. Alhoewel hierdie veranderinge nie kontantvloei is nie, word die uitwerking van wisselkoersveranderinge op kontant of kontantekwivalente wat in 'n buitelandse geldeenheid gehou word of verskuldig is, in die kontantvloei staat te boek gestel ten einde kontant en kontantekwivalente aan die begin en die einde van die tydperk te rekonsilieer. Hierdie bedrae word afsonderlik van kontantvloei uit bedryfs-, beleggings- en finansieringsaktiwiteite aangebied en omvat ook die verskille, indien daar is, sou daardie kontantvloei teen wisselkoerse aan die einde van die tydperk te boek gestel gewees het.

Verslagdoening op latere verslagdoeningsdatums

.24 Op elke verslagdoeningsdatum:

- (a) ***moet monetêre items in buitelandse valuta omreken word met gebruik van die sluitingskoers;***

- (b) **moet niemonetêre items wat ooreenkomstig historiese koste in 'n buitelandse geldeenheid gemeet word, omreken word met gebruik van die wisselkoers op die datum van die transaksie; en**
- (c) **moet niemonetêre items wat teen billike waarde in 'n buitelandse geldeenheid gemeet word, omreken word met gebruik van die wisselkoerse op die datum waarop die billike waarde bepaal is.**
- .25 Die drabedrag van 'n item word bepaal in samehang met ander tersaaklike Standaarde van AERP. Eiendom, aanleg en toerusting kan byvoorbeeld gemeet word ooreenkomstig billike waarde of historiese koste ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting*. Ongeag of die drabedrag op grond van historiese koste of op grond van billike waarde bepaal word, as die bedrag in 'n buitelandse geldeenheid bepaal word, word dit ooreenkomstig hierdie Standaard in die funksionele geldeenheid omreken.
- .26 Die drabedrag van sommige items word bepaal deur twee of meer bedrae met mekaar te vergelyk. Die drabedrag van voorraad wat vir verkoop gehou word, is byvoorbeeld die laagste van kosprys of netto realiseerbare waarde, of kosprys en huidige vervangingskoste, ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Voorraad*. Insgelyks, ooreenkomstig die Standaarde van AERP oor *Waardedaling van Kontantgenererende Bates* en *Waardedaling van Niekontantgenererende Bates*, is die drabedrag van 'n bate waarvoor daar 'n aanduiding van waardedaling is, die laagste van sy drabedrag voordat moontlike waardedalingsverliese en die verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag daarvan oorweeg word. As bedoelde bate niemonetêr is en in 'n buitelandse geldeenheid gemeet word, word die drabedrag vasgestel deur die volgende te vergelyk:
- (a) die kosprys of drabedrag, soos van toepassing, omreken teen die wisselkoers op die datum waarop daardie bedrag bepaal is (d.w.s. die koers op die datum van die transaksie vir 'n item wat ooreenkomstig historiese koste gemeet is); en
 - (b) die netto realiseerbare waarde, huidige vervangingskoste, verhaalbare bedrag of verhaalbare diensbedrag, soos van toepassing, omreken teen die wisselkoers op die datum waarop daardie waarde bepaal is (bv. die sluitingskoers op die verslagdoeningsdatum).
- Die uitwerking van hierdie vergelyking sou kon wees dat 'n waardedalingsverlies in die funksionele geldeenheid ontdek sou kon word, maar nie in die buitelandse geldeenheid nie, of omgekeerd.
- .27 Wanneer verskeie wisselkoerse beskikbaar is, is die koers wat gebruik word dié waarteen die toekomstige kontantvloei wat deur die transaksie of saldo verteenwoordig word, vereffen sou kon word indien daardie kontantvloei op die metingsdatum plaasgevind het. Indien ruilbaarheid tussen twee geldeenhede tydelik ontbreek, is die koers wat gebruik word die eerste daaropvolgende koers waarteen ruilings gemaak sou kon word.

Erkenning van wisselkoersverskille

- .28 Wisselkoersverskille wat voortspruit uit die vereffening van monetêre items of uit die omrekening van monetêre items teen koerse wat verskil van dié waarteen hulle by aanvanklike erkenning gedurende die tydperk of in vorige finansiële state omreken is, moet in surplus of tekort erken word in die tydperk waarin hulle ontstaan, behalwe soos wat in paragraaf .33 beskryf word.**
- .29 Indien monetêre items uit 'n valutatransaksie voortspruit en daar 'n verandering in die wisselkoers tussen die transaksiedatum en die datum van vereffening voorkom, ontstaan daar 'n wisselkoersverskil. Indien die transaksie binne dieselfde rekenpligtige tydperk vereffen word as dié waarin dit plaasgevind het, word die volle wisselkoersverskil in daardie tydperk erken. Indien die transaksie egter in 'n daaropvolgende rekenpligtige tydperk vereffen word, word die wisselkoersverskil wat in elke tydperk tot die datum van vereffening erken word, deur die verandering in wisselkoerse gedurende elke tydperk bepaal.
- .30 Die behandeling van wisselkoersveranderinge in buitelandse valuta in 'n kontantvloei staat word in paragraaf .23 beskryf.
- .31 Wanneer 'n wins of verlies op 'n niemonetêre item regstreeks in netto bates erken word, moet enige ruilkomponent van daardie wins of verlies regstreeks in netto bates erken word. Omgekeerd, wanneer 'n wins of verlies op 'n niemonetêre item in surplus of tekort erken word, moet enige ruilkomponent van daardie wins of verlies in surplus of tekort erken word.**
- .32 Ander Standaarde van AERP vereis dat sommige winste en verliese regstreeks in netto bates erken word. Die Standaard van AERP oor *Eiendom, Aanleg en Toerusting* vereis byvoorbeeld dat sommige winste en verliese wat uit 'n herwaardasie van eiendom, aanleg en toerusting voortspruit, regstreeks in netto bates erken word. Wanneer so 'n bate in 'n buitelandse geldeenheid gemeet word, vereis paragraaf .24(c) van hierdie Standaard dat die herwaardeerde bedrag omreken word met gebruik van die koers op die datum waarop die waarde bepaal word, wat 'n wisselkoersverskil tot gevolg sal hê wat ook in netto bates erken word.
- .33 Wisselkoersverskille wat uit 'n monetêre item voortspruit wat deel van 'n verslagdoenende entiteit se netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid uitmaak (kyk paragraaf .15), moet in surplus of tekort in die afsonderlike finansiële state van die verslagdoenende entiteit of die individuele finansiële state van die buitelandse bedrywigheid, soos toepaslik, erken word. In die finansiële state wat die buitelandse bedrywigheid en die verslagdoenende entiteit insluit (bv. gekonsolideerde finansiële state wanneer die buitelandse bedrywigheid 'n beheerde entiteit is), moet sodanige wisselkoersverskille aanvanklik in 'n afsonderlike komponent van netto bates erken word en ooreenkomstig paragraaf .53 by die verkoop van die netto belegging in surplus of tekort erken word.**
- .34 Indien 'n monetêre item deel uitmaak van 'n verslagdoenende entiteit se netto belegging in 'n buitelandse bedrywigheid en in die funksionele geldeenheid van die verslagdoenende entiteit gedenomineer word, ontstaan daar ooreenkomstig paragraaf .28 'n wisselkoersverskil in die buitelandse bedrywigheid se individuele

finansiële state. Indien sodanige item in die funksionele geldeenheid van die buitelandse bedrywigheid gedenomineer word, ontstaan daar ooreenkomstig paragraaf .28 'n wisselkoersverskil in die verslagdoenende entiteit se afsonderlike finansiële state. Indien so 'n item in 'n ander geldeenheid as die funksionele geldeenheid van óf die verslagdoenende entiteit óf die buitelandse bedrywigheid gedenomineer word, ontstaan daar ooreenkomstig paragraaf .28 'n wisselkoersverskil in die verslagdoenende entiteit se afsonderlike finansiële state en in die buitelandse bedrywigheid se individuele finansiële state. Sodanige wisselkoersverskille word herklassifiseer na die afsonderlike komponent van netto bates in die finansiële state wat die buitelandse bedrywigheid en die verslagdoenende entiteit insluit (d.w.s. finansiële state waarin die buitelandse bedrywigheid gekonsolideer, proporsioneel gekonsolideer of in rekening gebring word met gebruik van die ekwiteitsmetode).

- .35 As 'n entiteit sy boeke en rekords in 'n ander geldeenheid as sy funksionele geldeenheid hou, moet alle bedrae op die tydstip wanneer die entiteit sy finansiële state opstel ooreenkomstig paragraaf .20 tot .27 in die funksionele geldeenheid omreken word. Dit bied dieselfde bedrae in die funksionele geldeenheid as wat die geval sou wees indien die items aanvanklik in die funksionele geldeenheid te boek gestel sou gewees het. Monetêre items word byvoorbeeld met gebruik van die sluitingskoers in die funksionele geldeenheid omreken, en niemonetêre items wat op 'n historiesekostgrondslag gemeet word, word omreken met gebruik van die wisselkoers op die datum van die transaksie wat tot die erkenning daarvan gelei het.

Verandering in funksionele geldeenheid

- .36 *Indien daar 'n verandering in 'n entiteit se funksionele geldeenheid plaasvind, moet die entiteit die omrekeningsprosedures wat op die nuwe funksionele geldeenheid van toepassing is vanaf die datum van die verandering vooruitwerkend toepas.***
- .37 Soos in paragraaf .12 opgemerk, weerspieël die funksionele geldeenheid van 'n entiteit die onderliggende transaksies, gebeure en omstandighede wat op die entiteit betrekking het. Sodra die funksionele geldeenheid dus vasgestel is, kan dit slegs verander word indien daar 'n verandering aan daardie onderliggende transaksies, gebeure en omstandighede plaasvind. 'n Verandering in die geldeenheid wat hoofsaaklik die verkoopprijs of die voorsiening van goedere en dienste beïnvloed, kan lei 'n verandering in 'n entiteit se funksionele geldeenheid lei.
- .38 Die uitwerking van 'n verandering in die funksionele geldeenheid word vooruitwerkend rekeningkundig verantwoord. 'n Entiteit omreken met ander woorde alle items in die nuwe funksionele geldeenheid met gebruik van die wisselkoers op die datum van die verandering. Die gevolglike omrekenende bedrae vir niemonetêre items word hanteer as hul historiese koste. Wisselkoersverskille wat uit die omrekening van 'n buitelandse bedrywigheid voortspruit wat voorheen ooreenkomstig paragraaf .33 en .40(c) in netto bates geklassifiseer is, word nie voor die vervreemding van die bedrywigheid in surplus of tekort erken nie.

Die gebruik van 'n ander aanbiedingsgeldeenheid as die funksionele geldeenheid

Omrekening in die aanbiedingsgeldeenheid

- .39 'n Entiteit kan sy finansiële state in enige geldeenheid (of geldeenhede) aanbied. Indien die aanbiedingsgeldeenheid van die entiteit se funksionele geldeenheid verskil, moet hy sy finansiële prestasie en finansiële stand in die aanbiedingsgeldeenheid omreken. Indien 'n ekonomiese entiteit byvoorbeeld individuele entiteite met verskillende funksionele geldeenhede bevat, word die finansiële prestasie en finansiële stand van elke entiteit in 'n algemene geldeenheid uitgedruk sodat gekonsolideerde finansiële state aangebied kan word.
- .40 Die finansiële prestasie en finansiële stand van 'n entiteit waarvan die funksionele geldeenheid nie die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is nie, moet met gebruik van die volgende prosedures tot 'n ander aanbiedingsgeldeenheid omreken word:**
- (a) bates en laste vir elke staat van finansiële stand wat aangebied word (d.w.s. met inbegrip van vergelykende syfers) moet teen die sluitingskoers op die datum van daardie staat van finansiële stand omreken word;**
 - (b) inkomste en uitgawes vir elke staat van finansiële prestasie (d.w.s. met inbegrip van vergelykende syfers) moet teen wisselkoerse op die datums van die transaksies omreken word; en**
 - (c) alle gevolglike wisselkoersverskille moet as 'n afsonderlike komponent van netto bates erken word.**
- .41 By die omrekening van die kontantvloei, dit wil sê die kontantontvangste en kontantbetalings, van 'n buitelandse bedrywigheid vir inkorporering in sy kontantvloeistaat, moet die verslagdoenende entiteit aan die prosedures in die Standaard van AERP oor *Kontantvloei* voldoen. Die Standaard van AERP oor *Kontantvloei* vereis dat die kontantvloei van 'n beheerde entiteit wat aan die woordoms krywing van 'n buitelandse bedrywigheid voldoen, teen die wisselkoerse tussen die aanbiedingsgeldeenheid en die buitelandse geldeenheid op die kontantvloeidatums omreken moet word. Die Standaard van AERP oor *Kontantvloei* verskaf ook riglyne vir die aanbieding van ongerealiseerde winste en verliese wat voortspruit uit wisselkoersveranderinge in buitelandse valuta wat betref kontant en kontantekwivalente wat in 'n buitelandse geldeenheid gehou word of verskuldig is.
- .42 Om praktiese redes word 'n koers wat die wisselkoerse teen die datums van die transaksies benader, byvoorbeeld 'n gemiddelde koers vir die tydperk, dikwels gebruik om inkomste- en uitgawe-items te omreken. As wisselkoerse egter aansienlik skommel, is die gebruik van die gemiddelde koers vir 'n tydperk ontoepaslik.
- .43 Die wisselkoersverskille waarna in paragraaf .40(c) verwys word, spruit voort uit:
- (a) die omrekening van inkomste- en uitgawe-items teen die wisselkoerse op die

datums van die transaksies en bates en laste teen die sluitingskoers. Sulke wisselkoersverskille ontstaan op inkomste- en uitgawe-items wat in surplus of tekort erken word, sowel as dié wat regstreeks in netto bates erken word;

- (b) die omrekening van die netto aanvangsbates teen 'n sluitingskoers wat van die vorige sluitingskoers verskil.

Hierdie wisselkoersverskille word nie in surplus of tekort erken nie omdat die veranderinge in wisselkoerse weinig of geen regstreekse uitwerking op die bestaande en toekomstige kontantvloeï van die bedrywigheede het nie. As die wisselkoersverskille betrekking het op 'n buitelandse bedrywigheid wat gekonsolideer is maar nie ten volle besit word nie, word geakkumuleerde wisselkoersverskille wat uit omrekening voortspruit en aan minderheidsbelange toeskryfbaar is, toegedeel aan, en erken as deel van, die minderheidsbelang in die gekonsolideerde staat van finansiële stand.

.44 Die finansiële prestasie en finansiële stand van 'n entiteit waarvan die funksionele geldeenheid nie die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is nie, moet met gebruik van die volgende prosedures omreken word tot 'n ander aanbiedingsgeldeenheid:

- (a) *alle bedrae (d.w.s. bates, laste, netto bates, inkomste en uitgawes, met inbegrip van vergelykende syfers) moet teen die sluitingskoers op die datum van die jongste staat van finansiële stand omreken word, behalwe dat*
- (b) *indien bedrae in die geldeenheid van 'n niehiperinflasionêre ekonomie omreken word, vergelykende syfers die bedrae moet wees wat in die finansiële state van die betrokke vorige jaar as bedrae vir die huidige jaar aangebied is (d.w.s. nie aangesuiwer vir latere veranderinge in die prysvlak of latere veranderinge in wisselkoerse nie).*

.45 Wanneer 'n entiteit se funksionele geldeenheid die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is, moet die entiteit sy finansiële state ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë hersaamstel voordat die omrekeningsmetode soos in paragraaf .44 uiteengesit, toegepas word, met die uitsondering van vergelykende bedrae wat in 'n geldeenheid van 'n niehiperinflasionêre ekonomie omreken word (kyk paragraaf .44(b)). Wanneer die ekonomie ophou om hiperinflasionêr te wees en die entiteit nie langer sy finansiële state hersaamstel ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Verslagdoening in Hiperinflasionêre Ekonomieë nie, moet hy as die historiese koste vir omrekening in die aanbiedingsgeldeenheid die bedrae gebruik wat hersaamgestel word tot die prysvlak op die datum waarop die entiteit opgehou het met die hersamestelling van sy finansiële state.

Omrekening van 'n buitelandse bedrywigheid

.46 Paragraaf .47 tot .52, bykomend tot paragraaf .39 tot .45, is van toepassing wanneer die finansiële prestasie en finansiële stand van 'n buitelandse bedrywigheid omreken word in 'n aanbiedingsgeldeenheid sodat die buitelandse bedrywigheid in die finansiële state van die verslagdoenende entiteit ingesluit kan word deur

konsolidasie, proporsionele konsolidasie of die ekwiteitsmetode.

- .47 Die inkorporering van die finansiële prestasie en finansiële stand van 'n buitelandse bedrywigheid met dié van die verslagdoenende entiteit volg normale konsolidasieprosedures, soos die uitskakeling van saldo's en transaksies binne 'n ekonomiese entiteit (kyk die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State en Belange in Gesamentlike Ondernemings*).
- .48 'n Monetêre bate (of las) binne 'n ekonomiese entiteit, hetsy korttermyn of langtermyn, kan egter nie teen die ooreenstemmende las (of bate) binne 'n ekonomiese entiteit afgeskryf word sonder om die resultate van geldeenheidskommelings in die gekonsolideerde finansiële state te toon nie. Die rede hiervoor is dat die monetêre item 'n verbinteniss om een geldeenheid om te sit in 'n ander een verteenwoordig en die verslagdoenende entiteit blootstel aan 'n wins of verlies deur geldeenheidskommelings. In die gekonsolideerde finansiële state van die verslagdoenende entiteit word sodanige wisselkoersverskil gevolglik steeds in surplus of tekort erken of, as dit uit die omstandighede voortspruit wat in paragraaf .33 beskryf word, as netto bates geklassifiseer tot tyd en wyl die buitelandse bedrywigheid vervreem word.
- .49 Indien die finansiële state van 'n buitelandse bedrywigheid met ingang van 'n datum is wat verskil van dié van die verslagdoenende entiteit, stel die buitelandse bedrywigheid dikwels bykomende state op met ingang van dieselfde datum as die verslagdoenende entiteit se finansiële state. As dit nie gedoen word nie, laat die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State* die gebruik van 'n ander verslagdoeningsdatum toe, mits die verskil nie groter as drie maande is nie en aansuiwerings gemaak word vir die gevolge van enige beduidende transaksies of ander gebeure wat tussen die verskillende datums voorkom.
- .50 As daar 'n verskil is tussen die verslagdoeningsdatum van die verslagdoenende entiteit en die buitelandse bedrywigheid, word die bates en laste van die buitelandse bedrywigheid teen die wisselkoers op die verslagdoeningsdatum van die buitelandse bedrywigheid omreken.
- .51 Aansuiwerings word gemaak vir beduidende veranderinge in wisselkoerse tot die verslagdoeningsdatum van die verslagdoenende entiteit ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Gekonsolideerde en Afsonderlike Finansiële State*. Dieselfde benadering word by die toepassing van die ekwiteitsmetode op geassosieerdes en gesamentlike ondernemings gevolg, en by die toepassing van proporsionele konsolidasie op gesamentlike ondernemings ooreenkomstig die Standaard van AERP oor *Beleggings in Geassosieerdes en Belange in Gesamentlike Ondernemings*.
- .52 ***Die verskil tussen die bates wat verkry is, die laste wat aanvaar word en die vergoeding wat oorgedra word (indien daar is) wat voortspruit uit die verkryging van 'n buitelandse bedrywigheid, moet ingevolge die Standaard van AERP oor Oordrag van Funksies Tussen Entiteite nie onder Gemeenskaplike Beheer nie rekeningkundig verantwoord word. Enige billikewaarde-aansuiwerings na die drabedrae van bates en laste wat uit die verkryging van***

daardie buitelandse bedrywigheid voortspruit, moet as bates en laste van die buitelandse bedrywigheid hanteer word. Hulle moet dus in die funksionele geldeenheid van die buitelandse bedrywigheid uitgedruk word en ooreenkomstig paragraaf .40 en .44 teen die sluitingskoers omreken word.

Vervreemding van 'n buitelandse bedrywigheid

- .53** *By die vervreemding van 'n buitelandse bedrywigheid moet die kumulatiewe bedrag van die wisselkoersverskille wat uitgestel is in die afsonderlike komponent van netto bates wat op daardie buitelandse bedrywigheid betrekking het, in surplus of tekort erken word wanneer die wins of verlies by vervreemding erken word.*
- .54** 'n Entiteit kan sy belang in 'n buitelandse bedrywigheid vervreem deur die verkoop, likwidasië, terugbetaling van kapitaal wat bygedra is of afstanddoening van die geheel of 'n gedeelte van daardie entiteit. Die betaling van 'n dividend of soortgelyke uitkering is slegs deel van 'n vervreemding as dit 'n terugbetaling van die belegging uitmaak, byvoorbeeld wanneer die dividend of soortgelyke uitkering uit voorverkrygingsurplus uitbetaal word. In die geval van 'n gedeeltelike vervreemding word slegs die proporsionele gedeelte van die verwante geakkumuleerde wisselkoersverskil in die wins of verlies ingesluit. 'n Afwaardasie van die drabedrag van 'n buitelandse bedrywigheid maak nie 'n gedeeltelike vervreemding uit nie. Gevolglik word geen deel van die uitgestelde valutawins of -verlies ten tyde van 'n afwaardasie in surplus of tekort erken nie.

Belastinggevolge van wisselkoersverskille

- .55** Vir verslagdoenende entiteite wat aan inkomstebelasting onderhewig is, kan riglyne oor die hantering van belastinggevolge wat met die winste en verliese op valutatransaksies verband hou en wisselkoersverskille wat uit omrekening van die finansiële prestasie en finansiële stand van 'n entiteit (met inbegrip van 'n buitelandse bedrywigheid) in 'n ander geldeenheid voortspruit, in die International Accounting Standard oor *Income Taxes* aangetref word.

Openbaarmaking

- .56** *In paragraaf .58 en .60 tot .62 is verwysings na 'funksionele geldeenheid' in die geval van 'n ekonomiese entiteit van toepassing op die funksionele geldeenheid van die beherende entiteit.*
- .57** *Die entiteit moet die volgende openbaar maak:*
- (a)** *die bedrag van wisselkoersverskille wat in surplus of tekort erken word, afgesien van dié wat voortspruit uit finansiële instrumente wat ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Finansiële Instrumente teen billike waarde deur surplus of tekort gemeet word; en*
 - (b)** *netto wisselkoersverskille wat geklassifiseer word in 'n afsonderlike komponent van netto bates en 'n rekonsiliasie van die bedrag van sodanige wisselkoersverskille aan die begin en einde van die tydperk.*

- .58** *Indien die aanbiedingsgeldeenheid van die funksionele geldeenheid verskil, moet dit so aangetoon word, tesame met openbaarmaking van die funksionele geldeenheid en die rede vir die gebruik van 'n ander aanbiedingsgeldeenheid.*
- .59** *Indien daar 'n verandering in die funksionele geldeenheid van óf die verslagdoenende entiteit óf 'n beduidende buitelandse bedrywigheid voorkom, moet dit, asook die rede vir die verandering in funksionele geldeenheid, bekend gemaak word.*
- .60** *Indien 'n entiteit sy finansiële state in 'n geldeenheid aanbied wat verskil van sy funksionele geldeenheid, moet hy die finansiële state beskryf as sou dit aan die Standaarde van AERP voldoen slegs indien dit aan al die vereistes van elke toepaslike Standaard en elke toepaslike Vertolking van daardie Standaarde voldoen, met inbegrip van die omrekeningsmetode wat in paragraaf .40 en .44 uiteengesit word.*
- .61** 'n Entiteit bied soms sy finansiële state of ander finansiële inligting in 'n geldeenheid aan wat nie sy funksionele geldeenheid is nie sonder om aan die vereistes van paragraaf .60 te voldoen. 'n Entiteit kan byvoorbeeld slegs geselekteerde items uit sy finansiële state in 'n ander geldeenheid omsit. Anders kan 'n entiteit waarvan die funksionele geldeenheid nie die geldeenheid van 'n hiperinflasionêre ekonomie is nie, die finansiële state in 'n ander geldeenheid omsit deur omrekening van alle items teen die heel jongste sluitingskoers. Sodanige omsettings is nie ooreenkomstig die Standaarde van AERP nie en die openbaarmakings wat in paragraaf .62 uiteengesit word, word vereis.
- .62** *As 'n entiteit sy finansiële state of ander finansiële inligting in 'n geldeenheid vertoon wat van óf sy funksionele geldeenheid óf sy aanbiedingsgeldeenheid verskil en daar nie aan die vereistes van paragraaf .60 voldoen word nie, moet hy:*
- (a) die inligting duidelik identifiseer as aanvullende inligting om dit te onderskei van die inligting wat aan Standaarde van AERP voldoen;*
 - (b) die geldeenheid waarin die aanvullende inligting vertoon word, openbaar maak; en*
 - (c) die entiteit se funksionele geldeenheid en die omrekeningsmetode wat gebruik is om die aanvullende inligting vas te stel, openbaar maak.*

Oorgangsbepalings

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .63** *Die oorgangsbepalings wat by die aanvanklike aanvaarding van hierdie Standaard deur entiteite toegepas moet word, word in ('n) lasgewing(s) voorgeskryf. Die bepalinge van hierdie Standaard moet met elke toepaslike lasgewing saamgelees word.*

Wysiging aan Standaarde van AERP

- .64** *Enige wysigings aan die Standaarde van AERP moet terugwerkend toegepas word ooreenkomstig die Standaard van AERP oor Rekeningkundige Beleide, Veranderinge in Ramings en Foute.*

Datum van inwerkingtrede

Aanvanklike aanvaarding van die Standaarde van AERP

- .65** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat begin op of na 'n datum wat deur die Minister van Finansies bepaal word in 'n regulasie wat ooreenkomstig artikel 91(1)(b) van die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, Wet No 1 van 1999, soos gewysig, gepubliseer sal word.*

Entiteite wat reeds Standaarde van AERP toepas

- .66** *'n Entiteit moet hierdie Standaard van AERP toepas vir finansiële jaarstate wat tydperke dek wat op of ná 1 April 2011 begin. Vroeëre toepassing word aangemoedig. Indien 'n entiteit hierdie Standaard toepas vir 'n tydperk wat voor 1 April 2011 begin, moet hierdie feit openbaar gemaak word.*

Herroeping van die Standaard van AERP oor Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse (2007)

- .67** Hierdie Standaard vervang die Standaard van AERP oor Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse wat in 2007 uitgegee is.

Vergelyking met die International Public Sector Accounting Standard oor *The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates* (April 2008)

Die Standaard van AERP oor *Die Uitwerking van Veranderinge in Wisselkoerse* (AERP 4) berus hoofsaaklik op die International Public Sector Accounting Standard oor *The Effects of Changes in Foreign Exchange Rates* (IPSAS 4). Die belangrikste verskille tussen AERP 4 en IPSAS 4 is soos volg:

- Hierdie Standaard sluit spesifiek Suid-Afrikaanse voorbeelde van monetêre items en buitelandse bedrywighede in, en dui ook aan wanneer 'n entiteit 'n ander aanbiedingsgeldeenheid as sy funksionele geldeenheid kan gebruik.
- Hierdie Standaard maak in sekere gevalle van ander terminologie as IPSAS 4 gebruik. Die beduidendste voorbeelde is die gebruik van die terme 'netto bates' en 'finansiële prestasie'. Die ooreenstemmende terme in IPSAS 4 is onderskeidelik 'netto bates/ekwiteit' en 'bedryfsresultate' of 'resultate van bedrywighede'.
- Oorgangsbepalings na hierdie Standaard van AERP word anders as in IPSAS 4 hanteer.